


**Week 6**

***Tot dusver hoop ek dat julle werklik hard en baie eerlik na julleself kon kyk en is my gebed dat die besluite en voornemens nie net belsuite en voornemens sal bly nie, maar sal oorgaan in dade wat jou lewe gaan verander!***

**Inleiding** (Welcome)

**Spandeer 5-10 minute om net te re-cap voor watter challenges/uitdagings BRAVE-reeks jou gestel het.** Dit sal baie goed wees as elkeen **EEN SAAK** kan noem waarmee hulle uitgedaag is.

**Bid eers saam** voordat julle saam uit die Woord lees

**Wat sê die Woord:** Lees **Johannes 15:9-17**

1. Wat het **jou getref** met die eerste lees van hierdie gedeelte? (*Gee vir elkeen kans om baie kort te noem wat hulle getref het. Vra ook, hoekom het dit jou getref?)*

2. **Wie is daar vir wie jy werklik diep omgee, of compassion voor het en hoekom hierdie spesifieke persoon?** *(Hierdie is nie 'n maklike vraag nie en moenie te vinnig verbygaan na die volgende vraag nie... spandeer bietjie tyd hiermee en luister na elkeen se storie...)*

3. Watter opdrag kry ons in Johannes 15 oor **waarom ons moet liefhê**? Daar is 'n hele paar redes in die gedeelte.

4. As jy dink aan **Jesus se bediening en leef op aarde**, watter sake staan vir jou uit? **Wat is daar in Jesus se lewe wat vir jou amazing is?** Gee vir elkeen kans om iets te noem. (*Al die antwoorde gaan heel waarskynlik meer gaan oor hoe Jesus mense hanteer het... as oor die regteen suiwer leer...)*

5. Watter uitdaging is daarin vir ons oor die manier waarop ons mense moet hanteer – wat gaan dalk 'n groter impak hê as al die regte antwoorde?
6. Kyk *weer* na die volgende vidoe clip oor die **belangrikheid van verhoudings**/connectedness.

http://www.ted.com/talks/robert_waldinger_what_makes_a_good_life_lessons_from_the_longest_study_on_happiness#t-370747

**Aanbidding, toewyding** (Worship)

Om weer met God te waag, moet jy dapper genoeg wees om meer om te gee vir ander

(1) Watter sake in jou lewe maak dit vir jou moeilik om compassion te hê met ander?

(2) Hoe gaan ons dit regkry om meer compassion te hê met ander?

(3) Hoe gaan ons dit regkry om meer connected wees?

Gee aan elkeen in die groep die geleentheid om in stilgebed die Here te vra om met hierdie 3 sake hard en eerlik in ons lewens te werk. Die uitdaging is om die Here nou daarmee te vertrou. Is jy dapper genoeg daarvoor?

**Om te gaan doen** (Works)**:**

- As jy dapper genoeg is om eerlik met die Here te wees – dra jou **wristband**– en gee vir die groep jou rede waarom jy dit gaan doen

- Dalk het die Skrifgedeelte en die Heilige Gees jou **uitgedaag om in hierdie week 'n spesifieke saak in jou lewe aan te spreek**: deel dit met die groep as jy die vrymoedigheid het sodat julle vir mekaar kan bid

- Doen **week 6 van die BRAVE 40 days**

- Maak 'n commitment om dit wat jy in BRAVE geleer het te gaan leef!

***Dankie dat jy dapper genoeg was om jou lewe met ons te deel. Dit is my diepste gebed dat jy dapper genoeg sal wees om op hierdie pad saam met die Here te bly stap.***

***"Wees sterk, wees vasberade (dapper). Moenie skrik nie, moenie bang wees nie,***

***want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan."***

**Josua 1:9**